Pretoria – 17 Aug. 2014

Skriflesing: Mattheus 18:1-14; 1 Johannes 3
Heidelbergse Kategismus: **Sondag 46**
Teks: **Mattheus 18:3; 1 Johannes 3:1a**
Sing- Ps. 68:9; Ps. 66:1,9; Ps. 104:1,2,20

Mattheus 18:1-14

Mat 18:1 In daardie uur het die dissipels na Jesus gekom en gesê: Wie is tog die grootste in die koninkryk van die hemele?
Mat 18:2 Toe roep Jesus 'n kindjie na Hom en laat hom in hulle midde staan
Mat 18:3 en Hy sê: Voorwaar Ek sê vir julle, as julle nie verander en soos die kindertjies word nie, sal julle nooit in die koninkryk van die hemele ingaan nie!
Mat 18:4 Elkeen dan wat homself verneder soos hierdie kindjie, hy is die grootste in die koninkryk van die hemele.
Mat 18:5 En elkeen wat een van sulke kindertjies in my Naam ontvang, ontvang My;
Mat 18:6 maar elkeen wat een van hierdie kleintjies wat in My glo, laat struikel, dit is vir hom beter dat 'n meulsteen aan sy nek gehang word en hy wegsink in die diepte van die see.
Mat 18:7 Wee die wêreld weens die struikelblokke! Want dit is noodsaaklik dat daar struikelblokke kom, maar wee die mens deur wie die struikelblok kom.
Mat 18:8 En as jou hand of jou voet jou laat struikel, kap dit af en gooi dit weg van jou af; dit is vir jou beter om in die lewe in te gaan, kreupel of vermink, as om twee hande of voete te hê en in die ewige vuur gewerp te word.
Mat 18:9 En as jou oog jou laat struikel, ruk dit uit en werp dit weg van jou af. Dit is vir jou beter om met een oog in die lewe in te gaan, as om twee oë te hê en in die helse vuur gewerp te word.
Mat 18:10 Pas op dat julle nie een van hierdie kleintjies verag nie; want Ek sê vir julle dat hulle engele in die hemele altyd die aangesig sien van my Vader wat in die hemele is.
Mat 18:11 Want die Seun van die mens het gekom om te red wat verlore is.
Mat 18:12 Wat dink julle? As iemand honderd skape het en een van hulle verdwaal, sal hy nie die nege en negentig laat staan en op die berge die verdwaalde een gaan soek nie?
Mat 18:13 En as hy hom kry, voorwaar Ek sê vir julle dat hy blyer is oor hom as oor die nege en negentig wat nie verdwaal het nie.
Mat 18:14 So is dit nie die wil van julle Vader wat in die hemele is, dat een van hierdie kleintjies verlore gaan nie.

1 Johannes 3

1Jn 3:1 Kyk wat 'n groot liefde die Vader aan ons bewys het, dat ons kinders van God genoem kan word! Om hierdie rede ken die wêreld ons nie, omdat dit Hom nie geken het nie.
1Jn 3:2 Geliefdes, nou is ons kinders van God, en dit is nog nie geopenbaar wat ons sal wees nie; maar ons weet dat ons, as Hy verskyn, aan Hom gelyk sal wees, omdat ons Hom sal sien soos Hy is.
1Jn 3:3 En elkeen wat hierdie hoop op Hom het, reinig homself soos Hy rein is.
1Jn 3:4 Elkeen wat die sonde doen, doen ook die wetteloosheid, want die sonde is wetteloosheid.
1Jn 3:5 En julle weet dat Hy verskyn het om ons sondes weg te neem, en geen sonde is in Hom nie.
1Jn 3:6 Elkeen wat in Hom bly, sondig nie. Elkeen wat sondig, het Hom nie gesien en Hom nie geken nie.
1Jn 3:7 My kinders, laat niemand julle mislei nie: wie die geregtigheid doen, is regverdig soos Hy regverdig is.
1Jn 3:8 Hy wat die sonde doen, is uit die duiwel, want die duiwel sondig van die begin af. Vir hierdie doel het die Seun van God verskyn, om die werke van die duiwel te verbreek.

1Jn 3:9 Elkeen wat uit God gebore is, doen geen sonde nie, omdat sy saad in hom bly; en hy kan nie sondig nie, want hy is uit God gebore.
1Jn 3:10 Hierin is die kinders van God en die kinders van die duiwel openbaar: elkeen wat die geregtigheid nie doen nie, is nie uit God nie, en hy ook wat sy broeder nie liefhet nie.
1Jn 3:11 Want dit is die boodskap wat julle van die begin af gehoor het, dat ons mekaar moet liefhê;
1Jn 3:12 nie soos Kain wat uit die Bose was en sy broer doodgeslaan het nie. En waarom het hy hom doodgeslaan? Omdat sy werke boos was en dié van sy broer regverdig.
1Jn 3:13 Verwonder julle nie, my broeders, as die wêreld julle haat nie.
1Jn 3:14 Ons weet dat ons oorgegaan het uit die dood in die lewe, omdat ons die broeders liefhet. Hy wat sy broeder nie liefhet nie, bly in die dood.
1Jn 3:15 Elkeen wat sy broeder haat, is 'n moordenaar; en julle weet dat geen moordenaar die ewige lewe as iets blywends in hom het nie.
1Jn 3:16 Hieraan het ons die liefde leer ken, dat Hy sy lewe vir ons afgelê het; en ons behoort ons lewe vir die broeders af te lê.
1Jn 3:17 Maar wie die goed van die wêreld het en sy broeder sien gebrek ly en sy hart vir hom toesluit, hoe bly die liefde van God in hom?
1Jn 3:18 My kinders, laat ons nie liefhê met woorde of met die tong nie, maar met die daad en in waarheid.
1Jn 3:19 En hieraan weet ons dat ons uit die waarheid is; en ons sal ons harte voor Hom gerusstel,
1Jn 3:20 want as ons hart ons veroordeel, God is meer as ons hart, en Hy weet alles.
1Jn 3:21 Geliefdes, as ons hart ons nie veroordeel nie, dan het ons vrymoedigheid teenoor God;
1Jn 3:22 en wat ons ook al bid, ontvang ons van Hom, omdat ons sy gebooie bewaar en doen wat welgevallig is voor Hom.
1Jn 3:23 En dit is sy gebod, dat ons in die Naam van sy Seun, Jesus Christus, moet glo en mekaar liefhê soos Hy ons 'n gebod gegee het.
1Jn 3:24 En hy wat sy gebooie bewaar, bly in Hom, en Hy in hom. En hieraan weet ons dat Hy in ons bly aan die Gees wat Hy ons gegee het.

Sondag 46
120 *Vraag*: Waarom het Christus ons beveel om God as *ons Vader* aan te spreek?
Antwoord: Sodat Hy heel aan die begin van ons gebed in ons die kinderlike vrees en vertroue op God sal wek. Dit moet die grond van ons gebed wees, naamlik dat God deur Christus ons Vader geword het, en dat Hy ons veel minder dit wat ons van Hom in die geloof bid, sal weier as wat ons vaders aardse dinge ons ontsê (a).
(a) Matt 7:9-11; Luk 11:11-13.

121 *Vraag*: Waarom word hier bygevoeg: *wat in die hemel is*?
Antwoord: Sodat ons van die hemelse majesteit van God nie aards moet dink nie (a) en van sy almag alles verwag wat ons vir liggaam en siel nodig het (b).
(a) Jer 23:23, 24; Hand 17:24, 25, 27. (b) Rom 10:12.

Skriflesing: Mattheus 18:1-14; 1 Johannes 3
Heidelbergse Kategismus: **Sondag 46**
Teks: **Mattheus 18:3; 1 Johannes 3:1a**
Sing- Ps. 68:9; Ps. 66:1,9; Ps. 104:1,2,20

Geliefde broeders en susters-Het u al daaraan gedink hoe naby God aan ons is? Wanneer ons bid dan kan ons vir God, *"Onse Vader"* noem. So naby soos 'n pa aan sy kind. Romeine 8:15 staan –

ons is as kinders van God aangeneem en ons kan deur die Heilige Gees roep – Abba, Vader……Abba is Vader, die Heilige Gees wek in my hart die besef dat God vir my 'n Vader is, Hy is Onse Vader. Hoekom sê ek nie "my Vader" nie, maar altyd "*Onse* Vader". Om die enkele rede dat God eerste Christus se Vader is en wanneer ek met God praat, dan moet Christus altyd saam met my met God praat. Ek en Christus, dit maak die "ons", wanneer ons sê – *"Onse Vader"* .

Ons is Christus se broeders en susters. In Hebreërs 2 lees ons dat Christus Hom nie skaam om ons sy broeders en susters te noem nie. Alleen ter wille van ons Broer, Jesus Christus, het God vir ons as sy kinders aangeneem. As ek dan nou sê – *"Onse Vader"*- dan bedoel ons eerstens – my en Christus se Vader. Sonder Christus kan ons nie met die ware God, die enigste God van hemel en aarde praat nie.

Daarmee saam noem ek Hom *Onse Vader*, want God is nie net my VADER nie, maar Hy is Vader van al sy kinders. As u vraag en antwoord 120 in ons belydenis mooi lees, dan sal u hoor dat die woordjie "ons" nie minder as 10 keer hier voorkom nie. Die woordjie "ons" bring ons digby die Vader. In 1 Johannes 3 het ons van die voorreg gelees om God so te noem – *Kyk wat 'n groot liefde die Vader aan ons bewys het dat ons kinders van God genoem kan word.* Jesus het 'n kindjie tussen die groot manne, sy dissipels laat staan. Dan sê Jesus vir sy dissipels, hulle moet verander. Hulle moet soos die kindertjies word, anders sal hulle nooit die koninkryk van die hemele beërwe nie. Wanneer ons God dan ons Vader noem, dan wil ons soos kindertjies wees. Nie groot nie, klein. Ons moet klein wees voor God. Van nature wil ons almal groot wees.

***

Ons is van nature soos die twee verlore seuns, waarvan Christus vir ons die gelykenis vertel het. Die jongste was verlore, maar die oudste is ook verlore. Die jongste is groot, hy wil vêr weggaan, hy wil nie meer kind van sy vader wees nie. Ook die oudste, al het hy heeltyd in sy vaderhuis gebly, wou hy ook groot wees. Nadat sy jongste broer teruggekom het, hou die oudste broer hom groot, hy wil nie deel in die vreugde nie. Sy vader moes na hom uitkom, hy wou nie ingaan en saam feesvier nie. In ons gebede is ons van nature ook soos die seuns. Saam met die jongste verlaat ons die Vaderhuis en so ook die Vaderguns. Uit onsself is ons gedurig in opstand, gedurig wil ons groot wees, gedurig is ons besig om mekaar te wil afspeel, mekaar te meet.

Die gebed pas eintlik nie in by hoe ons uit onsself is nie! Ons is nie eers werd om God se huurlinge genoem te word nie en tog kan ons God as *ons Vader* aanspreek. Om te bid beteken om by die Vaderhuis tuis te kom. Elke ware gebed is soos die tuiskoms van die jongste seun, daar wag vir die kinders van God 'n feesmaal, gekoester in die warmte van die Vaderliefde van God.

Geen ander van die valse godsdienste ken iets soos 'n God wat Vader is nie. Daar is nie iets soos die warmte van die Vaderliefde van God nie. Die Boeddhiste ken geen Hemelse Vader nie. Vir hulle is God maar net 'n vae, onbegryplike, onpersoonlike wese. Oók die God van die Mohammedane, die Moslems, is geen vader nie, want hy handel volgens die wette van die "ewige noodlot" Ons God is die enigste God wat ons Vader kan noem, want Hy is dit ook. Hy is die enigste ware God, Hy is die enigste werklike liefdevolle Vader wat daar is.

Selfs die pa's, my pa en u pa, kan nie vader wees, soos wat God ons Vader is nie. Ek kan my pa dan ook alleen net pa noem, omdat God hom my pa maak. Dit is nie dat ek nou in my pa iets van God lees, en nou noem ek God óók Vader nie, néé, die Vaderskap van God, heeltemal in die begin, wys al vir ons God se Vader-wees. Hy is Vader, voordat daar nog enige man was, wat pa geword het. Hy is Vader in die paradys. Hy wandel saam met sy kinders in die aandwindjie! As sy kinders sondig en hulle wil wegkruip dan hoor ons die roep van 'n Vader-…….*waar is jy?* Die Vader wat sy kinders beveel om hulle kleding van vyeblare te vervang, God as Vader gee nou Self vir hulle klere, Hy maak dit van vel. Hy laat in die paradys alreeds bloed vloei., want om velle te verkry moes daar diere geslag word. Op die einde sou sy eie Seun geslag moes word. Hulle slag Hom, want dit moes juis gebeur sodat God ook u en my Vader kan wees.

***

Dit is nie alleen 'n uitnemende voorreg om God so te noem nie, maar God beveel ons ook om Hom so te noem. By die *Onse Vader* gebruik Christus die woordjie "MOET" – *So moet julle dan bid*. Die opdrag van Christus gee egter vir ons geen regsgrond dat dit nou vir ons 'n reg is om God Vader te noem nie! Christus bring die genade en die geloof byeen, Hy bring ons in genade deur die geloof by God uit en dan kry ek die sekerheid dat God om Christus wil ons Vader geword het. Alleen die verdienste van Jesus Christus gee in ons gebede 'n vaste grond. As dit nie

vir Christus was nie, dan was elke gebed ’n twyfel gebed, wat in die stormsee deur die wind en golwe rondgegooi sou word.

Daarom het elke gebed in Christus ’n anker. Christus Self anker ons gebede vas. Ons belydenis sê wanneer ons God “Onse Vader” noem dan is **daar heel in die begin van ons gebed die kinderlike vrees en vertroue wat Christus vir ons op God wek…..**Vrees weet u is nie ’n slaafse vrees, ’n bang-wees vir God nie. In 1 Johannes 4:18 staan – *Daar is geen vrees in die liefde nie, want die volmaakte liefde dryf die vrees na buite, want die vrees sluit straf in en hy wat vrees, het nie volmaak geword in die liefde nie.* God wil nie slaafse vrees in ons gebede hoor nie, maar daar moet wel kinderlike vrees wees. Dink maar weer aan daardie kindjie tussen Jesus en sy dissipels…..*voorwaar, julle moet soos hierdie kindjie word.* Dit is ’n vrees met vertroue. Dit is daarom ook nie die vrees van ’n weeskind nie, néé, die vrees van ’n aangenome kind, ek kan op God vertrou.

***

Al manier waarop ons dit kan weet is as die Heilige Gees dit in my hart gewerk het. Ons het dan ook verlede keer by die noodsaak van die gebed gehoor **dat God sy genade en Heilig Gees alleen aan hulle wil gee wat Hom met hartlike versugtinge sonder ophou daarom bid en daarvoor dank.** Die gebed as ons God *Onse Vader* noem, is dadelik terselfdertyd ’n gebed om God se Heilige Gees.

God is ’n Drie-Enige God, as Hy Hom so aan ons bekendmaak en Hy werk na buite dan is Hy een God, wanneer God in sy Drie-Eenheid na binne werk en Hy die Vader, die Seun en die Heilige Gees voer samespraak, dan noem God Homself ONS. So is dit op ’n ander manier dan ook duidelik dat ons van die Vader en die Seun en die Heilige Gees kan praat as ons God en die oomblik wanneer ons sê – *Onse Vader*, dan is God die Vader, God die Seun en God die Heilige Gees tegelyk aangespreek.

Ons mag nie die Persone van die Goddelike Drie-Eenheid nie los en vas aanspreek nie. Die Heilige Gees is God, wanneer ek God Onse Vader noem, dan bid ek God om sy Gees en dan gee God vir My Homself want die Gees, HY IS GOD! Hierin lê ook ’n geheim, iets van die misterie van die godsaligheid. Deur die gebed raak ’n mens aan God, ’n mens praat met God, die Heilige

Gees vat ’n mens na God toe. Hy troos ’n mens, Hy ons Trooster. Die Gees doen alles in die stilte, ek hoor Hom nie, wanneer ek bid nie, maar weet u as u tot God die Vader bid, dan bid u tot die Gees, terwyl die Gees tegelyk saam met u bid om tot God te bid.

***

Die geheimenis hoe God hier werk is in die gebed so ’n groot geheimenis, maar tog ook so ’n groot troos. Christus deur sy Gees bid met my dat ek tot God, *Onse Vader* kan bid. Sonder die Gees van God, sonder Christus sou niemand kan bid nie. Ek bid nie alleen tot God nie, maar deur sy Heilige Gees bid ek ook met God, elke gebed moet in Christus eindig, want ons kom na God deur die Immanuel, God met ons. Ons kom deur Jesus Christus by God uit en daarom is Jesus die grond, maar ook die inhoud, die hoogtepunt van my gebed, die Een wat op die einde my gebed voor God voorlê, maar Hy maak ook my gebed vol om ’n offer vir God te wees. Alle offers aan God moet mos volmaak wees, want God, Hy is volmaak!

***

Daarom het ons ook die byvoeging, Onse Vader *“wat in die hemel is”.* Die hemel vertel vir ons van God se volmaaktheid, sy andersheid, sy uniekheid, sy hoogheid. Die hemel is waar Christus ook nou vir ons alles volmaak. Hy het in die hoogtes opgevaar en voor dit het Hy gesê – *In die huis van my Vader daar is baie woninge…….Ek gaan om vir julle plek te berei….as dit nie so was nie, dan sou ek nie gesê het Ek kom weer na julle terug nie*….Die huis van die Vader, dit is hemel, dis nie aards nie.

Sonder om die intieme, persoonlike band met die Vader te skaad, Hy wat naby ons is, mag ons nooit vir God as ’n maat hier op aarde sien nie. Selfs moet ons versigtig wees om God ons Vriend te noem, want Hy is nie Vriend van My nie. Hy is my Here, my Koning, my Skepper. Hy is in die hoogte, ons hier op aarde is in die laagte. In die laagte van mens-wees, van sonde, van ’n wêreld wat vir God nie wil ken nie. Ons kan nie God sommer ook in die laagte wil intrek nie. In Jesaja 66:1 staan – *Die hemel is God se troon,* Salomo gaan nog verder en ons lees in 1 Konings 8:27 – *Kyk, die hemel, ja, die hoogste hemel kan u nie bevat nie.* Die Here vra in Jeremia 23:23-24: *Is Ek ’n God van naby, spreek die HERE, en nie ’n God van ver nie? Sou iemand hom in skuilplekke kan wegsteek dat Ek hom nie sien nie? Spreek die Here. Vervul ek nie die hemel en die aarde nie? Spreek die Here?*

Ons belydenis stel dit baie duidelik **dat van die hemelse majesteit van God moet ons nie aards dink nie en van sy almag alles verwag wat ons vir liggaam en siel nodig het.** God is alomteenwoordig. Daar is nie ’n plek in die heelal waar Hy nie is nie. Daar is tog ook sprake van ’n sentrale plek, ’n Vaderhuis, waar God sy woonplek het. Nou gaan u en u bid. In werklikheid is u besig om by die deur van die Vaderhuis aan te klop. U kneukels maak egter ’n hemelse klank in die gebed, want God is nie aards nie, Hy is nie van die aarde nie.

Wanneer ons bid is ons met die hemelse besig. Ons gebed gaan hemel toe, al kan ek nou nog nie by die hemel uitkom nie. My gebed kom by die huis van die Vader. Dan kry ons die versekering dat God wil sy huis, ons huis maak. Alles wat ons hier nou op aarde nodig het, liggaamlik en geestelik, alles in my huis wat nie reg is nie, in my liggaam, in my familie, in my huis, selfs in die onsigbare, in die onaantasbare, die geestelike, my siel, daar waar ek nie met my hande kan aanraak nie, God laat my deur die gebed daaraan raak. God luister na u, want Hy is Onse Vader. U mag dalk voel God luister nie. Daar is vir u iets soos onverhoorde gebede. Party mense praat van teen die plafon vas bid! Moses het hoeveel kere gebid dat hy tog ook die Jordaan rivier, die beloofde landmag intrek. Later moes God vir hom sê *–Dit is genoeg! Moenie verder met my oor hierdie saak spreek nie.* Moses sterf op Nebo en tog sy gebed is later verhoor- eeue later. Saam met Elia en Christus is Moses in die beloofde land. By die verheerliking op die berg beleef Moses ook die heerlikheid van gebedsverhoring. Soveel anders as wat Moses gedink het en tog die andersheid bring soveel méér heerlikheid in Christus Jesus. Elke keer as u bid en God doen anders, weet dat God se andersheid vir u dan nog groter heerlikheid inhou, want God, Hy is anders, Hy is nie ’n Mens nie, Hy is ons Vader.

AMEN